

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English / Afrikaans

| February 2018 Edition 2

## Health's fight against cancer goes nuclear

**GOVERNMENT INVESTS** in the latest technology to assist cancer patients.



Residents of Ga-Rankuwa and surrounding areas now have access to state-of-the-art oncology unit.

The Gauteng Department of Health has pumped R36 million into a new oncology facility that will ensure that cancer patients in Ga-Rankuwa, Tshwane and surrounding areas have easier access to treatment.

"I cannot contain my excitement at the launch of

this much-needed biomedical equipment because to us, patient care and safety will always come first," said Health MEC Dr Gwen Ramokgopa.

She said the first-of-its kind PET-CT imaging system in Africa serves as testimony to the department's commitment to improving

patient care.

"The facility brings advanced oncology care to patients, with a new leading-edge oncology diagnostics facility that harnesses multiple technologies to provide high-quality data quickly," she said.

The oncology facility is fitted with new equipment

including an advanced Philips Ingenuity TF PET/CT which is a nuclear imaging technique. It evaluates the structure and function of cells and body tissue providing oncologists with a patient-specific method of treatment.

"The system has already helped guide decision making for early diagnosis and assessment of treatment efficacy for over 105 patients since its installation. We are thrilled with the results and the level of care we are able to provide to our people with this world-class technology," said Dr George Mukhari Academic Hospital's Head of Nuclear Medicine Dr Trevor Mdaka.

The Hospital serves 1,7 million people both the North West province and Limpopo provinces.


MEC Ramokgopa said the launch marked the beginning of the end to suffer



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews  
Vuk'uzenzele

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

Free Copy



**Water warning for schools**

Page 2



**Stop, look, look, again**

Page 7



● Cont. page 2

# Help om Dag Zero te vermy

**DIE WES-KAAP** is die eerste provinsie wat die ernstige uitwerkings van klimaatsverandering ervaar.



## More Matshediso

**D**ie Departement van Water en Sanitasie (DWS) werk saam met Kaapstad om die droogte in die Wes-Kaap, die ergste een wat dit in 'n dekade ervaar het, te verlig.

Volgens die DWS was daar nie genoeg reënval nie en damvlakke is besig om te daal.

Dit het die owerhede gedwing om streng maatreëls te implementeer om 'n waarskynlike Dag Zero, wanneer die krane kan opdroog, verder die toekoms in te skuif.

Kaapstad implementeer vlak 6B-beperkings. Dit beteken dat daar 'n daaglikse beperking van 50 liter water of minder per persoon is, hetsy by die huis, die werk, die skool of elders.

Die stad het dit duidelik gestel dat, alhoewel dit daarop fokus om Dag Zero uit te stel, dit voorbereid moet wees op 'n scenario waar dit beheer oor die stad se watertoever kan oorneem om dit tot in die winter te laat strek.

"Ons sal, wanneer ons damme 'n gesamentlike vlak van 13.5 persent bereik, toever na die krane afsny. Wanneer die damvlakte 13.5 persent bereik het, sal ons begin om die netwerkstelsel af te skakel, behalwe dié na belangrike kommersiële gebiede en instansies soos hospitale," het die stad in 'n verklaring gesê.

Wanneer dit gebeur, sal inwoners by versamelpunte regoor

die stad toegang tot water kan kry. Vyf-en-twintig liter water per dag sal aan elke inwoner toegedeel word.

Die stad het sy Rampbestuursentrum geaktiveer om sy Waterrampplan uit te voer, wat in werking sal tree wanneer Dag Zero aanbreek.

### Boorgate

Die stad het die buitenshuise gebruik van boorgate sterk afgeraai en gesê dat die gebruik vir besproeiingsdoeleindes beperk sal wees tot slegs

menteer om te verseker dat die beperkte toedeling van water nagekom word, as deel van die regering se poging om waterverbruik te bestuur.

Die stad werk ook saam met 'n wetstoepassingspan en spesiale ondersoekenheid om nakoming af te dwing.

### Stappe teen oortreders

Die departement het onlangs 'n gesamentlike blitsveldtogg saam met die stad uitgevoer en op onwettige wateraktiwiteite in Mfuleni gefokus.

Die aktie het gekonsentreer op alle huidige wateroortredings en die nakoming van die waterbeperkings en was veral op informele motorwasserye gerig.

"Munisipale drinkwater kan, ingevolge die stad se B6-beperkings, nie gebruik word om motors te was nie. Informele motorwasserye verbruik baie water. 'n Aantal motorwassery-eienaars gebruik pype op die erf om hulle besighede te bedryf en ander gebruik water uit hulle krane," het die departement gesê.

Alhoewel daar baie toegewyde waterambassadeurs is wat werk om Dag Zero te probeer vermy, het die stad al sy inwoners gevra om hulle rol te speel om water te spaar.

"Dit is noodsaaklik dat alle waterverbruikers saamwerk met Span Kaapstad se pogings", het Kaapstad se adjunkburgemeester, Ian Neilson, gesê. ▀



Dinsdae en Saterdae, voor 9vm en ná 6 nm, vir hoogstens een uur lank.

"Water uit boorgate / putte moet gemeet word en daar word van alle gebruikers verwag om van die watergebruik rekord te hou en dit vir inspeksie beskikbaar te stel," het die stad gesê.

Die stad het bygevoeg dat inwoners toestemming van die DWS moet verkry as hulle water uit boorgate / putte wil koop of verkoop.

Die DWS het gesê dat owerhede streng maatreëls imple-

## Waterbesparingswenke

- Draai die kraan toe terwyl jy jou tande borsel, skeer of jou hande met seep smeer.
- Stort vir korter tye en gebruik minder water as jy bad.
- Moenie gebottelde water koop nie.




## Motor

- Was jou motor net met 'n emmer en 'n spons.



## Badkamer

- Stort eerder as bad.
- Gebruik minder water in die bad.
- Bad jong kinders saam.
- Spoel die toilet net wanneer reuke dit noodsaaklik maak.
- Sit 'n baksteen in jou toilet se waterbak om waterverbruik te verminder.



## Kombuis

- Gebruik 'n wasbak met 'n prop in om skottelgoed te was, in plaas daarvan om die kraan te laat loop.
- Gebruik minder skottelgoedseep sodat jy minder hoef af te spoel.
- Gebruik 'n wasbak met 'n prop in om groente af te spoel, in plaas daarvan om die kraan te laat loop.
- Gebruik die water wat jy gebruik het om groente en vrugte mee af te spoel om plante nat te gooi.



## Plante en tuin

- Lei jou plante nat op die koelste tyd van die dag.
- Lei plante nat met die water wat jy in die kombuis gebruik het om groente en vrugte mee af te spoel.
- Gebruik natuurlike en organiese tuinprodukte. Lede van die publiek word ook versoek om hulle watermeters na te gaan vir verborge waterlekkasies.

Neem die watermeter se lesing voor en ná 2 ure, waartydens geen water gebruik is nie. Daar is 'n lekkasie wanneer die watermeter na afloop van die 2 ure nie presies dieselfde lesing gee nie.

Inwoners word ook versoek om lekkende krane te herstel. 'n Kraan wat lek teen 'n tempo van een druppel per sekonde, mors tot 10 220 liter waterwater per jaar.



## Wat is 'n droogte?

'n Droogte is 'n weer verwante natuurkatastrofe. Dit kan vir maande of jare lank groot streke affekteer, het impak op voedselproduksie, en verminder die lewensverwagting en ekonomiese prestasie van groot streke of hele lande.

# Youth put to work

**THE DEPARTMENT** of Public Works' bursary and artisan programme is honing skills and making dreams come true.

## More Matshediso

**W**hen Bonolo Rakgalakana (18) passed grade 12 last year, she thought her dreams of becoming a mechanical engineer would have to be put on hold because her parents could not afford to pay university fees.

Rakgalakana, from Eersterust in Tshwane, thought that just like her sister she would have to join the national defence force and start fending for herself after matric. Little did she know that her hard work had already secured a bright future for her.

"My older sister passed matric very well but my parents did not have money to send her to university, so she took a gap year. She then applied and got a job at the national defence force. I thought fate had the same in store for me, but my hard work was rewarded with a bursary from the Department of Public Works," said Rakgalakana.

Rakgalakana's twin sister



Bonolo Rakgalakana is one of the top learners who received a bursary from the Department of Public Works.

Koketso, who also completed matric with flying colours in 2017, has also been awarded a bursary from the department.

The sisters were top achievers at Mamelodi Secondary School last year and received distinctions in all of their subjects.

"We did not have access to the internet, library books and good sports fields, but we attended extra morning and afternoon classes as matriculants," said Rakgalakana.

Their names were on the De-

partment of Public Works' list of about 30 deserving learners from the class of 2017 who were awarded bursaries to pursue their career dream in the built industry.

The bursary is valued at R130 000 a year, for each learner, and covers tuition, accommodation, meals, textbooks, academic resources and a monthly allowance. The department has invested R3,9 million in 2018's first-year students.

Rakgalakana has enrolled at

the University of Cape Town for a Mechanical Engineering degree.

"I have wanted to do it from when I was in Grade 10. I'm looking forward to working for the Department of Public Works, as a way of giving back to show my appreciation," she said.

The department's Chief Director for Professional Services Vangile Manzini said the bursary programme was introduced in 2014 and aims to harness scarce skills in the built industry.

So far, the department has awarded bursaries to approximately 288 deserving youth from disadvantaged communities.

The beneficiaries pursue careers in engineering (civil, structural, transport, electrical, water care, mechanical, chemical and hydrology); analytical chemistry; construction management; quantity surveying; architecture; landscape architecture; urban and regional planning; interior design; horticulture; actuarial science and property studies.

In addition to providing bursaries, the department's Artisan Development and Young Professionals Programme for learners who enrol at technical vocational education and training colleges, enables learners who obtain trade test certificates, for various trades within the construction industry, to become electricians, bricklayers, carpenters or plumbers.

Manzini said there are about 88 young professionals who have obtained professional registration since the introduction of the programme in 2007, and 53 artisans have been successfully registered since the implementation of the programme in 2015.

Beneficiaries come from schools across the country that are participating in the department's schools programme. Schools can join the programme through the district office if they are producing a pass rate above 65 per cent in maths and science, and are located in rural areas, farms or townships. ▀

## Neem jou mag terug, rapporteer verkragting

**NEEM JOU MAG TERUG** deur verkragting en seksuele mishandeling aan die gepaste owerhede te rapporteer.

## Adele Schormann

**O**m 'n slagoffer van seksuele mishandeling of verkragting te wees, is een van die mees traumatisiese ervarings wat 'n mens in die gesig kan staar. Dit is waarom die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) stelsels ingestel het om dit vir mense maklik en veilig te maak om hierdie misdade aan te meld.

Mpumalanga se polisie-woordvoerder, kolonel Mtsholi Bhembe, het gesê dat dit belangrik is vir die gemeenskap om met die polisie saam te werk en hierdie misdade te rapporteer.

"Dit is ons plig as die polisie

om 'n groot rol daarin te speel om seker te maak dat die oortreders aan die pen ry en dat die slagoffers in goeie hande is. Ons versoek gemeenskappe om na vore te kom en gevalle van verkragting by hulle naaste polisiestasie aan te meld," het Bhembe gesê.

Slagoffers moet binne 72 uur nadat 'n misdaad van 'n seksuele aard plaasgevind het, die misdaad aan die polisie rapporteer.

Bhembe het slagoffers van verkragting aangeraai om ná hulle pynlike ervaring vir professionele traumaberading te gaan.

"Jy mag dalk vuil voel en herhaaldelik wil was en jy mag bang wees en skrikkerig wees om uit te gaan. Geeneen van hierdie reaksies is ongewoon of

onnatuurlik nie. Jy moet onthou dat daar dienste beskikbaar is om jou te help," het hy gesê.


Die Greater Rape Intervention Project (GRIP) is een van die organisasies wat slagoffers van verkragting help om vir MIV/Vigs en ander siektes getoets te word.

Thandiwe Maseko, 'n maatskaplike werker by GRIP, sê dat die organisasie na slagoffers van verkragting omsien.

"Ons verskaf 'n versorgingspakkie en laat slagoffers in 'n veilige hawe bly totdat hulle gereed is om te praat. Ons het die beste beraders wat baie omgee en reg is om te help," sê sy. ▀

## Hoe om 'n geval van verkragting aan die polisie te rapporteer:

- Gaan eerstens na kliniek toe vir mediese ondersoek. Die verslag sal deel van die saaklêer wees en die polisie help om die oortreder vas te trek.
- Gaan dan na jou naaste polisiestasie toe en open 'n saak. Die polisiebeampte sal vir jou persoonlike inligting vra asook inligting oor dit wat met jou gebeur het. Antwoord eerlik en probeer om soveel besonderhede moontlik te onthou. Dit mag 'n pynlike proses wees, maar hierdie inligting sal in die onderzoek help.



- Vra die ondersoekbeampte vir sy/haar kontakbesonderhede, sodat jy hom/haar oor nuus oor jou saak kan kontak. Die ondersoekbeampte sal jou ook kontak as verdere inligting benodig word.